

18 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Konings 6:24-7:20 (OAV)

Fokusgedeelte: 2 Konings 7:1,2,18-20

Die ongeloof van die koning se adjutant

Die belering van Samaria het baie lank geduur (Hfs 6:24,25). Hongersnood het so erg geword dat 'n eselskop 'n enorme tagtig sikkels silwer gekos het. 'n Kwart kab duiwemis was vyf sikkels silwer werd. Maar dit wat die hongersnood op sy grusaamste uitwys is die feit dat twee vroue 'n kind geslag en gekook het.

Toe die profeet onder hierdie haglike omstandighede vir die koning sê dat 'n maat fynmeel die volgende dag slegs een sikkal sal kos, het die koning se adjutant smalend opgemerk dat al maak die Here vensters in die hemel oop, 'n maat fynmeel nie so min kan kos nie. Die adjutant was maar net nugter en logies ten opsigte van die treurige situasie. Die meeste van ons sou sekerlik ook in die slagyster van ongeloof getrap het.

In daardie nag het die wonder gebeur: Die Arameërs het in die nag gevlug, omdat die Here hulle 'n gedruis van waens en perde en 'n groot leërmag laat hoor het. Hulle het gedink dat die Hetiete en die Egiptenaars gekom het om die Israëliete te help.

Watter rol speel geloof in jou lewe? Is jou verstand ondergeskik aan jou geloof, sodat jy ondanks die Satan se aanslag, tog God se Woord gelowig aanvaar, al protesteer die verstand? Mag God ons deur Sy Gees in die ware saligmakende geloof staande hou.

Sing: Psalm 84:6

Ds PA Smit (Emeritus)